

6 MEI

SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 17:1- 9  
FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 17:3-4

### Lewe kom van God

God se volk moet erken dat Hy oor alle lewe beskik en dat hulle vir hulle lewe in alles van Hom afhanklik is. Die wese van die sondeval was juis dat die eerste mense daartoe verlei is om hulle lewe *onafhanklik* van God te probeer lewe. In hierdie paar verse van Levitikus 17 word die volk opnuut geleer om *lewenserkenning* aan God te gee. Hoe moes hulle dit doen? Wanneer hulle 'n dier geslag het, moes hulle die dier se bloed, wat lewe simboliseer, na die altaar bring om daardeur te erken dat hierdie lewe aan God behoort. Hiermee het hulle erken dat Hy vir hulle lewe gee, deur die lewe/bloed van hierdie dier wat geslag is. Die verleiding was daar om soos die heidene, wat aan veldgode of afgode offers gebring het, sommer maar op enige plek in die veld te slag, sonder om aan die ware God die lewenserkenning te gee wat Hom toekom. Iemand wat dit gedoen het, was besig met bloedvergieting/moord.

Hoe maklik om elke dag te lewe sonder om die Here te erken as die Gewer van lewe! Ons kan so maklik elke dag besigwees met al ons lewensbedrywighede en nie eers vir een oomblik daaraan dink waar alles vandaan kom nie. So iemand is besig om met die gawe van lewe te mors. Net God kan die ware lewe gee. Hy gee dit deur die bloed/lewe van sy Seun Jesus Christus. Iemand wat in Jesus Christus die ware lewe ontvang het, lewe in alles afhanklik van God en gee in alles lewenserkenning aan Hom.

*Sing: Skrifberyming 17-1*

*Ds Naas Ferreira (Rietvallei)*